- (b) by the substitution in subsection (7)(b) for subparagraph (i) of the following subparagraph: 30
- “(i) trading stock in the hands of that company, other than an asset that constitutes trading stock that is regularly and continuously disposed of by that company, so much of the amount received or accrued in respect of the disposal of that trading stock as does not exceed the market value of that trading stock as at the beginning of that period of 18 months and so much of the amount taken into account in respect of that trading stock in terms of section 11(a) or 22(1) or (2) as is equal to the amount so taken into account in terms of subsection (2)(b)[**Provided that this subparagraph does not apply to any asset that constitutes trading stock that is regularly and continuously disposed of by that company**]; or”.

(2) Paragraph (a) of subsection (1) is deemed to have come into operation on 1 January 2013 and applies in respect of transactions entered into on or after that date. 45

Amendment of section 43 of Act 58 of 1962, as inserted by section 75 of Act 22 of 2012 and amended by section 92 of Act 31 of 2013

56. Section 43 of the Income Tax Act, 1962, is hereby amended by the substitution in subsection (4)(b) for subparagraph (i) of the following subparagraph: 50

32 en 103 van Wet 8 van 2007, artikel 52 van Wet 35 van 2007, artikel 25 van Wet 3 van 2008, artikels 48 en 128 van Wet 60 van 2008, artikel 47 van Wet 17 van 2009, artikel 61 van Wet 7 van 2010, artikel 67 van Wet 24 van 2011, artikel 73 van Wet 22 van 2012 en artikel 90 van Wet 31 van 2013

- 54.** Artikel 41 van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig— 5
- (a) deur in subartikel (1) die omskrywings van “aandeelhouer”, “buitelandse finansiële instrumenthouermaatskappy”, “geassosieerde groep van maatskappye”, “plaaslike finansiële instrumenthouermaatskappy”, en “voorgeskrewe proporsie” te skrap; en
- (b) deur die omskrywing van “handelsvoorraad” deur die volgende omskrywing te vervang: 10
- “**‘handelsvoorraad’**[—
- (a)] sluit vir doeleindes van artikels 42, 44, 45 en 47 in enige lewende hawe of produkte soos bedoel in die Eerste Bylae en enige verwysing [in artikel 11(a) of 22(1) of (2)] na ’n bedrag in ag geneem ten aansien van ’n bate ingevolge artikel 11(a) of 22(1) of (2) moet in die geval van sodanige lewende hawe of produkte uitgelê word as ’n verwysing na die bedrag ten aansien daarvan in ag geneem kragtens paragraaf 5(1) of 9 van die Eerste Bylae, na gelang van die geval;”. 20

Wysiging van artikel 42 van Wet 58 van 1962, soos vervang deur artikel 34 van Wet 74 van 2002 en gewysig deur artikel 50 van Wet 45 van 2003, artikel 33 van Wet 32 van 2004, artikel 38 van Wet 31 van 2005, artikel 29 van Wet 20 van 2006, artikel 33 van Wet 8 van 2007, artikel 53 van Wet 35 van 2007, artikel 26 van Wet 3 van 2008, artikel 49 van Wet 60 van 2008, artikel 48 van Wet 17 van 2009, artikel 62 van Wet 7 van 2010, artikel 68 van Wet 24 van 2011, artikel 74 van Wet 22 van 2012 en artikel 91 van Wet 31 van 2013 25

- 55.** (1) Artikel 42 van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—
- (a) deur in subartikel (6)(a) subparagraaf (i) deur die volgende subparagraaf te vervang: 30
- “(i) ophou om ’n kwalifiserende belang in daardie maatskappy te hou, soos in [paragraaf (a)(iii) en (iv)] paragrafe (c) en (d) van die omskrywing van ‘kwalifiserende belang’ beoog (hetsy as gevolg van die beskikking oor aandele in daardie maatskappy of nie); of”; 35
- (b) deur in subartikel (7)(b) subparagraaf (i) deur die volgende subparagraaf te vervang:
- “(i) handelsvoorraad in die hande van daardie maatskappy uitmaak, buiten ’n bate wat handelsvoorraad uitmaak wat gereeld en deurlopend deur daardie maatskappy van die hand gesit word, word soveel van die bedrag wat ontvang is of toegeval het ten opsigte van die beskikking oor daardie handelsvoorraad as wat nie die markwaarde van daardie handelsvoorraad soos aan die begin van die tydperk van 18 maande oorskry nie en soveel van die bedrag wat ingevolge artikel 11(a) of 22(1) of (2) in berekening gebring is ten opsigte van daardie handelsvoorraad as wat gelykstaande is aan die bedrag wat aldus ingevolge subartikel (2)(b) in berekening gebring is[; **Met dien verstande dat hierdie subparagraaf nie van toepassing is nie op enige bate wat handelsvoorraad uitmaak wat gereeld en deurlopend deur daardie maatskappy van die hand gesit word; en**]; of”. 40 45 50

(2) Paragraaf (a) van subartikel (1) word geag op 1 Januarie 2013 in werking te getree het en is van toepassing op transaksies aangegaan op of na daardie datum.

Wysiging van artikel 43 van Wet 58 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 75 van Wet 22 van 2012 en gewysig deur artikel 92 van Wet 31 van 2013 55

- 56.** Artikel 43 van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur in subartikel (4)(b) subparagraaf (i) deur die volgende subparagraaf te vervang:

“(i) [subsections (2) and (3)] subsection (2) must not apply to the part of the equity share so disposed of that relates to that consideration; and”.

Amendment of section 44 of Act 58 of 1962, as substituted by section 34 of Act 74 of 2002 and amended by section 52 of Act 45 of 2003, section 40 of Act 31 of 2005, section 34 of Act 8 of 2007, section 55 of Act 35 of 2007, section 27 of Act 3 of 2008, sections 50 and 129 of Act 60 of 2008, section 49 of Act 17 of 2009, section 63 of Act 7 of 2010, section 69 of Act 24 of 2011, section 76 of Act 22 of 2012 and section 93 of Act 31 of 2013

57. Section 44 of the Income Tax Act, 1962, is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (1) in paragraph (a) of the definition of “amalgamation transaction” for subparagraph (i) of the following subparagraph:

“(i) in terms of which any company (hereinafter referred to as the ‘amalgamated company’) which is a resident disposes of all of its assets (other than assets it elects to use to settle any debts incurred by it in the ordinary course of its trade and other than assets required to satisfy any reasonably anticipated liabilities to any sphere of government of any country and costs of administration relating to the liquidation or winding-up) to another company (hereinafter referred to as the ‘resultant company’) which is a resident, by means of an amalgamation, conversion or merger; and”;

(b) by the substitution in subsection (1) in paragraph (b) of the definition of “amalgamation transaction” for subparagraph (i) of the following subparagraph:

“(i) in terms of which an amalgamated company which is a foreign company disposes of all of its assets (other than assets it elects to use to settle any debts incurred by it in the ordinary course of its trade and other than assets required to satisfy any reasonably anticipated liabilities to any sphere of government of any country and costs of administration relating to the liquidation or winding-up) to a resultant company which is a resident, by means of an amalgamation, conversion or merger;”.

Amendment of section 46 of Act 58 of 1962, as substituted by section 34 of Act 74 of 2002 and amended by section 54 of Act 45 of 2003, section 36 of Act 32 of 2004, section 42 of Act 31 of 2005, section 36 of Act 8 of 2007, section 57 of Act 35 of 2007, section 29 of Act 3 of 2008, section 52 of Act 60 of 2008, section 65 of Act 7 of 2010, section 71 of Act 24 of 2011, section 78 of Act 22 of 2012 and section 95 of Act 31 of 2013

58. Section 46 of the Income Tax Act, 1962, is hereby amended by the addition after subsection (5A) of the following subsection:

“(6A) This section does not apply in respect of an unbundling transaction where the unbundling company is a REIT or a controlled company as defined in section 25BB.”.

Amendment of section 47 of Act 58 of 1962, as substituted by section 34 of Act 74 of 2002 and amended by section 55 of Act 45 of 2003, section 37 of Act 32 of 2004, section 43 of Act 31 of 2005, section 31 of Act 20 of 2006, section 37 of Act 8 of 2007, section 58 of Act 35 of 2007, section 31 of Act 3 of 2008, section 53 of Act 60 of 2008, section 50 of Act 17 of 2009, section 66 of Act 7 of 2010, section 72 of Act 24 of 2011, section 79 of Act 22 of 2012 and section 96 of Act 31 of 2013

59. Section 47 of the Income Tax Act, 1962, is hereby amended by the substitution in subsection (1) for paragraph (a) of the definition of “liquidation transaction” of the following paragraph:

“(a) in terms of which any company (hereinafter referred to as the ‘liquidating company’) which is a resident disposes of all of its assets (other than assets it elects to use to settle any debts incurred by it in the ordinary course of its trade) to its shareholders in anticipation of or in the course of the liquidation, winding up or deregistration of that company and other than assets required to

- “(i) is [subartikels (2) en (3)] subartikel (2) nie van toepassing nie op die deel van die ekwiteitsaandeel aldus oor beskik wat op daardie vergoeding betrekking het; en”.

Wysiging van artikel 44 van Wet 58 van 1962, soos vervang deur artikel 34 van Wet 74 van 2002 en gewysig deur artikel 52 van Wet 45 van 2003, artikel 40 van Wet 31 van 2005, artikel 34 van Wet 8 van 2007, artikel 55 van Wet 35 van 2007, artikel 27 van Wet 3 van 2008, artikels 50 en 129 van Wet 60 van 2008, artikel 49 van Wet 17 van 2009, artikel 63 van Wet 7 van 2010, artikel 69 van Wet 24 van 2011, artikel 76 van Wet 22 van 2012 en artikel 93 van Wet 31 van 2013

57. Artikel 44 van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig— 10

(a) deur in subartikel (1) in paragraaf (a) van die omskrywing van “amalgamasie-transaksie” subparagraaf (ii) deur die volgende subparagraaf te vervang:

“(i) ingevolge waarvan enige maatskappy (hierna die ‘geamalgameerde maatskappy’ genoem) wat ’n inwoner is oor al sy bates (behalwe bates wat dit na keuse wil aanwend ter delging van skulde in die gewone loop van besigheid aangegaan en behalwe bates benodig om enige redelike verwagte verpligting teenoor enige vlak van regering van enige land en koste van administrasie wat met die likwidasië verband hou, te delg) aan ’n ander maatskappy (hierna die ‘gevolglike maatskappy’ genoem) wat ’n inwoner is, by wyse van ’n amalgamasie, omskepping of samesmelting beskik”; en 15 20

(b) deur in subartikel (1) in paragraaf (a) van die omskrywing “amalgamasie-transaksie” subparagraaf (i) deur die volgende subparagraaf te vervang:

“(i) ingevolge waarvan ’n geamalgameerde maatskappy wat ’n buitelandse maatskappy is, oor al sy bates (behalwe bates wat dit na keuse wil aanwend ter delging van skulde in die gewone loop van besigheid aangegaan en behalwe bates benodig om enige redelike verwagte verpligting teenoor enige vlak van regering van enige land en koste van administrasie wat met die likwidasië verband hou, te delg) aan ’n gevolglike maatskappy wat ’n inwoner is, by wyse van ’n amalgamasie, omskepping of samesmelting beskik;”. 25 30

Wysiging van artikel 46 van Wet 58 van 1962, soos vervang deur artikel 34 van Wet 74 van 2002 en gewysig deur artikel 54 van Wet 45 van 2003, artikel 36 van Wet 32 van 2004, artikel 42 van Wet 31 van 2005, artikel 36 van Wet 8 van 2007, artikel 57 van Wet 35 van 2007, artikel 29 van Wet 3 van 2008, artikel 52 van Wet 60 van 2008, artikel 65 van Wet 7 van 2010, artikel 71 van Wet 24 van 2011, artikel 78 van Wet 22 van 2012 en artikel 95 van Wet 31 van 2013

58. Artikel 46 van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur na subartikel (5A) die volgende artikel by te voeg:

“(6A) Hierdie artikel is nie van toepassing ten opsigte van ’n ontbondelingstransaksie waar die ontbondelingsmaatskappy ’n EIT of ’n beheerde maatskappy soos omskryf in artikel 25BB, is nie.”. 40

Wysiging van artikel 47 van Wet 58 van 1962, soos vervang deur artikel 34 van Wet 74 van 2002, en gewysig deur artikel 55 van Wet 45 van 2003, artikel 37 van Wet 32 van 2004, artikel 43 van Wet 31 van 2005, artikel 31 van Wet 20 van 2006, artikel 37 van Wet 8 van 2007, artikel 58 van Wet 35 van 2007, artikel 31 van Wet 3 van 2008, artikel 53 van Wet 60 van 2008, artikel 50 van Wet 17 van 2009, artikel 66 van Wet 7 van 2010, artikel 72 van Wet 24 van 2011, artikel 79 van Wet 22 van 2012 en artikel 96 van Wet 31 van 2013

59. Artikel 47 van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur in subartikel (1) paragraaf (a) in die omskrywing van “likwidasiëtransaksie” deur die volgende paragraaf te vervang:

“(a) ingevolge waarvan ’n maatskappy (hierna die ‘likwiderende maatskappy’ genoem) wat ’n inwoner is oor al sy bates (behalwe bates wat dit na keuse wil aanwend ter delging van skulde in die gewone loop van besigheid aangegaan en behalwe bates benodig om enige redelike verwagte verpligting teenoor enige vlak van regering van enige land en koste van administrasie wat met die 55

satisfy any reasonably anticipated liabilities to any sphere of government of any country and costs of administration relating to the liquidation or winding up, but only to the extent to which those assets are so disposed of to another company (hereinafter referred to as the 'holding company') which is a resident and which on the date of that disposal forms part of the same group of companies as the liquidating company; or”.

Substitution of section 49D of Act 58 of 1962, as inserted by section 80 of Act 22 of 2012

60. (1) The following section is hereby substituted for section 49D of the Income Tax Act, 1962:

“Exemption from withholding tax on royalties

49D. A foreign person is exempt from the royalties if—

- (a) that foreign person is a natural person who was physically present in the Republic for a period exceeding 183 days in aggregate during the twelve-month period preceding the date on which the royalty is paid; or
- (b) the property in respect of which that royalty is paid is effectively connected with a permanent establishment of that foreign person in the Republic if that foreign person is registered as a taxpayer for the purposes of this Act; or
- (c) that royalty is paid by a headquarter company in respect of the granting of the use or right of use of or permission to use intellectual property as defined in section 23I to which section 31 does not apply as a result of the exclusions contained in section 31(5)(c) or (d).”.

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 1 July 2013 and applies in respect of royalties that are paid or that become due and payable on or after that date and in respect of which an exemption under section 49D has not been granted.

Amendment of section 49E of Act 58 of 1962, as inserted by section 12 of Act 21 of 2012

61. (1) Section 49E of the Income Tax Act, 1962, is hereby amended by the substitution for subsections (1) and (2) of the following subsections, respectively:

“(1) Subject to subsections (2) and (3), any person making payment of any [royalty] amount of royalties to or for the benefit of a foreign person must withhold an amount [as contemplated in section 49B] of withholding tax on royalties from that payment.

(2) A person must not withhold any amount from any payment contemplated in subsection (1)—

- (a) to the extent that the royalty is exempt from the withholding tax on royalties in terms of section 49D(c); or
- (b) if the foreign person to or for the benefit of which that payment is to be made has—

- [(a)] (i) by a date determined by the person making the payment; or
- [(b)] (ii) if the person making the payment did not determine a date as contemplated in [paragraph (a)] subparagraph (i), by the date of the payment, submitted to the person making the payment a declaration in such form as may be prescribed by the Commissioner that the foreign person is, in terms of section 49D(a) or (b), exempt from the withholding tax on royalties in respect of that payment.”.

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 1 July 2013 and applies in respect of royalties that are paid or that become due and payable on or after that date and in respect of which withholding tax on royalties has not been withheld under section 49E.

likwidasië verband hou, te delg) aan sy aandeelhouers beskik in afwagting van of in die loop van die likwidasië of deregistrasie van daardie maatskappy, maar slegs tot die mate waarin daar oor daardie bates so beskik word aan 'n ander maatskappy (hierna die ,houermaatskappy" genoem) wat 'n inwoner is en wat op die datum van daardie beskikking deel van dieselfde groep van maatskappye as daardie likwiderende maatskappy vorm; of". 5

Vervanging van artikel 49D van Wet 58 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 80 van Wet 22 van 2012

60. (1) Artikel 49D van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby deur die volgende artikel vervang: 10

“Vrystelling van terughoudingsbelasting op tantième

49D. 'n Buitelandse persoon word vrygestel van die tantième indien—

- (a) daardie buitelandse persoon 'n natuurlike persoon is wat fisies in die Republiek teenwoordig was vir 'n tydperk wat in totaal 183 dae oorskry gedurende die tydperk van twaalf maande wat die datum voorafgaan waarop die tantième betaal word; of 15
- (b) die eiendom ten opsigte waarvan daardie tantième betaal word effektief verbind is met 'n permanente saak van daardie buitelandse persoon in die Republiek indien daardie buitelandse persoon geregistreer is as 'n belastingpligtige vir die doeleindes van hierdie Wet; of 20
- (c) daardie tantième betaal word deur 'n hoofkwartiermaatskappy ten opsigte van die toestaan van die gebruik, reg van gebruik of toestemming tot gebruik van immateriële goedere soos omskryf in artikel 23I waarop artikel 31 nie van toepassing is nie as gevolg van die uitsluitings vervat in artikel 31(5)(c) of (d).” 25

(2) Subartikel (1) word geag op 1 Julie 2013 in werking te getree het en is van toepassing ten opsigte van tantième wat op of na daardie datum betaal word of verskuldig en betaalbaar word en ten opsigte waarvan 'n vrystelling kragtens artikel 49D nie toegestaan is nie. 30

Wysiging van artikel 49E van Wet 58 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 12 van Wet 21 van 2012

61. (1) Artikel 49E van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur subartikels (1) en (2) onderskeidelik deur die volgende subartikels te vervang: 35

“(1) Behoudens subartikels (2) en (3) moet enige persoon wat 'n betaling maak van 'n bedrag van tantième aan of ten behoeve van 'n buitelandse persoon 'n bedrag **[gelyk aan 15 persent van die bedrag van daardie]** van terughoudingsbelasting op tantième van daardie betaling terughou. 35

(2) 'n Persoon moet nie enige bedrag van enige betaling beoog in subartikel (1) terughou nie— 40

(a) namate daardie tantième vrygestel is van die terughoudingsbelasting op tantième kragtens artikel 49D(c); of

(b) indien die buitelandse persoon aan of ten behoeve waarvan daardie betaling gemaak staan te word—

[(a)] (i) teen 'n datum bepaal deur die persoon wat die betaling maak; of 45

[(b)] (ii) indien die persoon wat die betaling maak nie 'n datum bepaal het soos beoog in **[paragraaf (a)] subparagraaf (i)** nie, teen die datum van die betaling, aan die persoon wat die betaling maak 'n verklaring voorgelê het in die vorm deur die Kommissaris voorgeskryf dat die buitelandse persoon, ingevolge artikel 49D, vrygestel is van die terughoudingsbelasting op tantième ten opsigte van daardie betaling.” 50

(2) Subartikel (1) word geag op 1 Julie 2013 in werking te getree het en is van toepassing ten opsigte van tantième wat betaal word of wat verskuldig en betaalbaar word op of na daardie datum en ten opsigte waarvan terughoudingsbelasting op tantième nie teruggehou is kragtens artikel 49E nie. 55

Amendment of section 49F of Act 58 of 1962, as inserted by section 12 of Act 21 of 2012

62. (1) Section 49F of the Income Tax Act, 1962, is hereby amended by the substitution for subsections (1) and (2) of the following subsections, respectively:

“(1) If, in terms of section 49C, a foreign person is liable for any amount of withholding tax on royalties in respect of any [**royalty**] amount of royalties that is paid to or for the benefit of the foreign person, that foreign person must pay that amount of withholding tax by the last day of the month following the month during which the royalty is paid, unless the tax has been paid by any other person. 5

(2) Any person that withholds any withholding tax on royalties in terms of section 49E must submit a return and pay the tax to the Commissioner by the last day of the month following the month during which the royalty is paid.” 10

(2) Subsection (1) is comes into operation on 1 January 2015 and applies in respect of royalties that are paid or that become due and payable on or after the date on which this Act comes into operation. 15

Insertion of section 49H in Act 58 of 1962

63. (1) The following section is hereby inserted in the Income Tax Act, 1962, after section 49G:

“Currency of payments made to Commissioner

49H. If an amount withheld by a person in terms of section 49E(1) is denominated in any currency other than the currency of the Republic, the amount so withheld must, for the purposes of determining the amount to be paid to the Commissioner in terms of section 49F(2), be translated to the currency of the Republic at the spot rate on the date on which the amount was so withheld.” 20 25

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 1 July 2013 and applies in respect of royalties that are paid or that become due and payable on or after the date on which this Act comes into operation.

Amendment of section 50A of Act 58 of 1962, as inserted by section 98 of Act 31 of 2013

64. Section 50A of the Income Tax Act, 1962, is hereby amended by the substitution in subsection (1) for paragraph (a) of the definition of “bank” of the following paragraph:

“(a) any bank or branch as defined in section 1 of the Banks Act respectively;”.

Amendment of section 50E of Act 58 of 1962, as inserted by section 98 of Act 31 of 2013

65. (1) Section 50E of the Income Tax Act, 1962, is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

“(1) Subject to subsections (2) and (3), any person who makes payment of any amount of interest to or for the benefit of a foreign person must withhold an amount of withholding tax on interest calculated at the rate contemplated in section 50B(1) from that payment.” 40

(2) Subsection (1) comes into operation on 1 January 2015 and applies in respect of interest that is paid or that becomes due and payable on or after that date.

Amendment of section 51A of Act 58 of 1962, as inserted by section 99 of Act 31 of 2013

66. (1) Section 51A of the Income Tax Act, 1962, is hereby amended by the substitution for the definition of “service fees” of the following definition:

Wysiging van artikel 49F van Wet 58 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 12 van Wet 21 van 2012

62. (1) Artikel 49F van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur subartikels (1) en (2) onderskeidelik deur die volgende subartikels te vervang:

“(1) Indien, ingevolge artikel 49C, ’n buitelandse persoon aanspreeklik is vir enige bedrag van terughoudingsbelasting op tantième ten opsigte van enige bedrag van tantième wat betaal word aan of ten behoeve van die buitelandse persoon, moet daardie buitelandse persoon daardie bedrag van terughoudingsbelasting betaal teen die laaste dag van die maand wat volg op die maand waartydens die tantième betaal is, tensy die belasting deur enige ander persoon betaal is.

(2) Enige persoon wat enige terughoudingsbelasting op tantième ingevolge artikel 49E, terughou, moet ’n opgawe indien en die belasting aan die Kommissaris betaal teen die laaste dag van die maand wat volg op die maand waartydens die tantième betaal word.”.

(2) Subartikel (1) word geag op 1 Julie 2013 in werking te getree het en is van toepassing ten opsigte van tantième wat betaal word of wat verskuldig en betaalbaar word op of na die datum waarop hierdie Wet in werking tree.

Invoeging van artikel 49H in Wet 58 van 1962

63. (1) Die volgende artikel word hierby na artikel 49G in die Inkomstebelastingwet, 1962, ingevoeg:

“Geldeenheid van betalings aan die Kommissaris gemaak

49H. Indien enige bedrag wat teruggehou word deur ’n persoon kragtens artikel 49E(1) in enige geldeenheid behalwe die geldeenheid van die Republiek aangedui is, moet die bedrag aldus teruggehou, vir die doeleindes van die vasstelling van die bedrag om aan die Kommissaris betaal te word ingevolge artikel 49F(2), omgerekend word na die geldeenheid van die Republiek teen die kontantkoers op die datum waarop daardie bedrag aldus teruggehou is.”.

(2) Subartikel (1) word geag op 1 Julie 2013 in werking te getree het en is van toepassing ten opsigte van tantième wat betaal word of wat verskuldig en betaalbaar word op of na die datum waarop hierdie Wet in werking tree.

Wysiging van artikel 50A van Wet 58 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 98 van Wet 31 van 2013

64. (1) Artikel 50A van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur in subartikel (1) die omskrywing van “bank” deur die volgende omskrywing te vervang: “(a) enige bank of tak soos onderskeidelik omskryf in artikel 1 van die Bankwet;”.

Wysiging van artikel 50E van Wet 58 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 98 van Wet 31 van 2013

65. (1) Artikel 50E van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) Behoudens subartikels (2) en (3) moet enige persoon wat betaling maak van enige bedrag van rente aan of ten behoeve van ’n buitelandse persoon ’n bedrag van terughoudingsbelasting op rente bereken teen die koers beoog in artikel 50B(1) van daardie betaling terughou.”.

(2) Subartikel (1) tree in werking op 1 Januarie 2015 en is van toepassing ten opsigte van rente wat betaal is of wat verskuldig en betaalbaar word voor of na daardie datum.

Wysiging van artikel 51A van Wet 58 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 99 van Wet 31 van 2013

66. (1) Die Engelse teks van artikel 51A van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur die omskrywing van “service fees” te vervang deur die volgende omskrywing:

“ ‘**service fees**’ means any amount that is received or [**accrued**] accrues in respect of technical services, managerial services and consultancy services but does not include services incidental to the imparting of or the undertaking to impart any scientific, technical, industrial or commercial knowledge or information, or the rendering of or the undertaking to render any assistance or service in connection with the application or utilisation of such knowledge or information.” 5

(2) Subsection (1) comes into operation on 1 January 2016 and applies in respect of service fees that are paid or become due and payable on or after that date.

Amendment of section 56 of Act 58 of 1962, as amended by section 18 of Act 90 of 1964, section 25 of Act 55 of 1966, section 33 of Act 89 of 1969, section 38 of Act 85 of 1974, section 21 of Act 113 of 1977, section 13 of Act 101 of 1978, section 23 of Act 96 of 1981, section 31 of Act 94 of 1983, section 4 of Act 30 of 1984, section 28 of Act 121 of 1984, section 18 of Act 96 of 1985, section 21 of Act 85 of 1987, section 26 of Act 90 of 1988, section 28 of Act 141 of 1992, section 32 of Act 113 of 1993, section 18 of Act 36 of 1996, section 39 of Act 30 of 1998, section 38 of Act 30 of 2000, section 41 of Act 59 of 2000, section 45 of Act 60 of 2001, section 24 of Act 30 of 2002, section 35 of Act 74 of 2002, section 56 of Act 45 of 2003, section 38 of Act 32 of 2004, section 45 of Act 31 of 2005, section 27 of Act 9 of 2006, section 38 of Act 8 of 2007 and section 67 of Act 7 of 2010 10 15

67. (1) Section 56 of the Income Tax Act, 1962, is hereby amended by the substitution in subsection (1) for paragraph (h) of the following paragraph: 20

“(h) by or to any person (including any sphere of government) referred to in section 10(1)(a), (cA), (cE), (cN), (cO), (cQ), (d) or (e);”

(2) Subsection (1) comes into operation on 1 March 2015 and applies in respect of donations made on or after that date. 25

Repeal of Part VII of Chapter II of Act 58 of 1962

68. (1) Part VII of Chapter II of the Income Tax Act, 1962, is hereby repealed.

(2) Subsection (1) comes into operation on 1 April 2017.

Amendment of section 64EB of Act 58 of 1962, as inserted by section 85 of Act 22 of 2012 and amended by section 103 of Act 31 of 2013 30

69. (1) Section 64EB of the Income Tax Act, 1962, is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (2)(a) for subparagraph (ii) of the following subparagraph:

“(ii) the government of the Republic in the national, provincial or local sphere;” 35

(b) by the deletion in subsection (2)(a) of the word “or” at the end of subparagraph (xii), insertion of that word at the end of subparagraph (xiii) and addition of the following subparagraph:

“(xiv) a small business funding entity as contemplated in section 10(1)(cQ);” and 40

(c) by the substitution in subsection (2) for the words following paragraph (b) of the following words:

“any amount paid by that person to that other person not exceeding that dividend in respect of that borrowed share is deemed to be a dividend paid by that person for the benefit of that other person.” 45

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 4 July 2013 and applies in respect of amounts paid on or after that date.

Amendment of section 64F of Act 58 of 1962, as substituted by section 53 of Act 17 of 2009 and amended by sections 72 and 148 of Act 7 of 2010, section 78 of Act 24 of 2011, section 86 of Act 22 of 2012 and section 104 of Act 31 of 2013 50

70. (1) Section 64F of the Income Tax Act, 1962, is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (1) for paragraph (b) of the following paragraph:

“ ‘service fees’ means any amount that is received or [accrued] accrues in respect of technical services, managerial services and consultancy services but does not include services incidental to the imparting of or the undertaking to impart any scientific, technical, industrial or commercial knowledge or information, or therendering of or the undertaking to render any assistance or service in connection with the application or utilisation of such knowledge or information.” 5

(2) Subartikel (1) tree in werking op 1 Januarie 2016 en is van toepassing ten opsigte van diensfooie wat betaal word of verskuldig en betaalbaar word op of na daardie datum.

Wysiging van artikel 56 van Wet 58 van 1962, soos gewysig deur artikel 18 van Wet 90 van 1964, artikel 25 van Wet 55 van 1966, artikel 33 van Wet 89 van 1969, artikel 38 van Wet 85 van 1974, artikel 21 van Wet 113 van 1977, artikel 13 van Wet 101 van 1978, artikel 23 van Wet 96 van 1981, artikel 31 van Wet 94 van 1983, artikel 4 van Wet 30 van 1984, artikel 28 van Wet 121 van 1984, artikel 18 van Wet 96 van 1985, artikel 21 van Wet 85 van 1987, artikel 26 van Wet 90 van 1988, artikel 28 van Wet 141 van 1992, artikel 32 van Wet 113 van 1993, artikel 18 van Wet 36 van 1996, artikel 39 van Wet 30 van 1998, artikel 38 van Wet 30 van 2000, artikel 41 van Wet 59 van 2000, artikel 45 van Wet 60 van 2001, artikel 24 van Wet 30 van 2002, artikel 35 van Wet 74 van 2002, artikel 56 van Wet 45 van 2003, artikel 38 van Wet 32 van 2004, artikel 45 van Wet 31 van 2005, artikel 27 van Wet 9 van 2006, artikel 38 van Wet 8 van 2007 en artikel 67 van Wet 7 van 2010 10 15 20

67. (1) Artikel 56 van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur in subartikel (1) paragraaf (h) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(h) deur of aan enige persoon (insluitende enige sfeer van regering) in artikel 10(1)(a), (cA), (cE), (cN), (cO), (cQ), (d) of (e) bedoel;”.

(2) Subartikel (1) tree in werking op 1 Maart 2015 en is van toepassing op skenkings gemaak op of na daardie datum. 25

Herroeping van Deel VII van Hoofstuk II van Wet 58 van 1962

68. (1) Deel VII van Hoofstuk II van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby herroep.

(2) Subartikel (1) tree in werking op 1 April 2017. 30

Wysiging van artikel 64EB van Wet 58 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 85 van Wet 22 van 2012 en gewysig deur artikel 103 van Wet 31 van 2013

69. (1) Artikel 64EB van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—
(a) deur in subartikel (2)(a) subparagraaf (ii) deur die volgende subparagraaf te vervang: 35

“(ii) die regering van die Republiek in die nasionale, provinsiale of plaaslike sfeer;”;

(b) deur in subartikel (2)(a) die woord “of” aan die einde van subparagraaf (xii) te skrap, daardie woord aan die einde van subparagraaf (xiii) in te voeg en die volgende subparagraaf by te voeg: 40

“(xiv) ’n kleinsake befondsingsentiteit soos beoog in artikel 10(1)(cQ).”;
en

(c) deur in subartikel (2) die woorde wat paragraaf (b) volg deur die volgende woorde te vervang:

“enige bedrag betaal deur daardie persoon aan daardie ander persoon wat nie daardie dividend te bowe gaan nie ten opsigte van daardie geleende aandeel word geag ’n dividend te wees betaal deur daardie persoon ten bate van daardie ander persoon.”. 45

(2) Subartikel (1) word geag op 4 Julie 2013 in werking te getree het en is van toepassing ten opsigte van bedrae op of na daardie datum betaal. 50

Wysiging van artikel 64F van Wet 58 van 1962, soos vervang deur artikel 53 van Wet 17 van 2009 en gewysig deur artikels 72 en 148 van Wet 7 van 2010, artikel 78 Wet 24 van 2011, artikel 86 van Wet 22 van 2012 en artikel 104 van Wet 31 van 2013

70. (1) Artikel 64F van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—

(a) deur in subartikel (1) paragraaf (b) deur die volgende paragraaf te vervang: 55

“(b) the government of the Republic in the national, provincial or local sphere;”;

(b) by the insertion after paragraph (h) of the following paragraph:

“(i) a small business funding entity as contemplated in section 10(1)(cQ);”;

(c) by the deletion in subsection (1) of the word “or” at the end of paragraph (m), insertion of that word at the end of paragraph (n) and addition of the following paragraph:

“(o) a natural person in respect of a dividend paid in respect of a tax free investment as contemplated in section 12T(1).”

(2) Paragraph (b) of subsection (1) comes into operation on 1 March 2015.

(3) Paragraph (c) of subsection (1) comes into operation on 1 March 2015 and applies in respect of dividends paid on or after that date.

Amendment of paragraph 4 of Second Schedule to Act 58 of 1962, as amended by section 20 of Act 72 of 1963, section 24 of Act 90 of 1964, section 36 of Act 21 of 1995, section 41 of Act 3 of 2008, section 63 of Act 60 of 2008, section 60 of Act 17 of 2009, section 83 of Act 7 of 2010, section 91 of Act 24 of 2011 and section 97 of Act 22 of 2012

71. (1) Paragraph 4 of the Second Schedule to the Income Tax Act, 1962, is hereby amended by the deletion in subparagraph (1) of item (d).

(2) Subsection (1) comes into operation on 1 March 2015.

Amendment of paragraph 9 of Sixth Schedule to Act 58 of 1962, as inserted by section 71 of Act 60 of 2008

72. (1) Paragraph 9 of the Sixth Schedule to the Income Tax Act, 1962, is hereby amended by the deletion of subparagraph (3).

(2) Subsection (1) comes into operation on 1 January 2016 and applies in respect of years of assessment commencing on or after that date.

Amendment of paragraph 1 of Seventh Schedule to Act 58 of 1962, as amended by section 26 of Act 96 of 1985, section 33 of Act 65 of 1986, section 28 of Act 85 of 1987, section 24 of Act 70 of 1989, section 55 of Act 101 of 1990, section 49 of Act 129 of 1991, section 35 of Act 141 of 1992, section 52 of Act 113 of 1993, section 30 of Act 21 of 1994, section 40 of Act 36 of 1996, section 54 of Act 30 of 2000, section 59 of Act 59 of 2000, section 62 of Act 74 of 2002, section 47 of Act 3 of 2008, section 90 of Act 7 of 2010, section 101 of Act 24 of 2011 and section 117 of Act 31 of 2013

73. (1) Paragraph 1 of the Seventh Schedule to the Income Tax Act, 1962, is hereby amended by the deletion of the definitions of “defined benefit component”, “defined contribution component” and “retirement funding income”.

(2) Subsection (1) comes into operation on 1 March 2016.

Amendment of paragraph 5 of Seventh Schedule to Act 58 of 1962, as amended by section 28 of Act 96 of 1985, section 57 of Act 101 of 1990, by section 31 of Act 21 of 1994, section 46 of Act 21 of 1995, section 35 of Act 30 of 2002 and section 119 of Act 31 of 2013

74. (1) Paragraph 5 of the Seventh Schedule to the Income Tax Act, 1962, is hereby amended by the substitution in subparagraph (3A) for the word “and” at the end of item (b) of the word “or”.

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 1 March 2014 and applies in respect of immovable property acquired on or after that date.

Amendment of paragraph 7 of Seventh Schedule to Act 58 of 1962, as added by section 46 of Act 121 of 1984 and amended by section 30 of Act 96 of 1985, section 10 of Act 108 of 1986, Government Notice 956 of 11 May 1988, section 44 of Act 90 of 1988, Government Notice R.715 of 14 April 1989, section 25 of Act 70 of 1989, Government Notice R.764 of 29 March 1990, section 58 of Act 101 of 1990, section 50 of Act 129 of 1991, section 36 of Act 141 of 1992, section 32 of Act 21 of 1994, section 47 of Act 21 of 1995, section 50 of Act 28 of 1997, section 45 of Act 53 of 1999,

- “(b) die regering van die Republiek in die nasionale, provinsiale of plaaslike sfeer;”;
- (b) deur na paragraaf (h) die volgende paragraaf in te voeg:
- “(i) ’n kleinsake befondsingsentiteit soos beoog in artikel 10(1)(cQ);”;
- en
- (c) deur in subartikel (1) die woord “of” aan die einde van paragraaf (m) te skrap, daardie woord aan die einde van paragraaf (n) in te voeg en die volgende paragraaf by te voeg:
- “(o) ’n natuurlike persoon ten opsigte van ’n dividend betaal ten opsigte van ’n belastingvrye belegging soos beoog in artikel 12T(1).”
- (2) Paragraaf (b) van subartikel (1) tree in werking op 1 Maart 2015.
- (3) Paragraaf (c) van subartikel (1) tree in werking op 1 Maart 2015 en is van toepassing ten opsigte van dividende betaal op of na daardie datum.

Wysiging van paragraaf 4 van Tweede Bylae by Wet 58 van 1962, soos gewysig deur artikel 20 van Wet 72 van 1963, artikel 24 van Wet 90 van 1964, artikel 36 van Wet 21 van 1995, artikel 41 van Wet 3 van 2008, artikel 63 van Wet 60 van 2008, artikel 60 van Wet 17 van 2009, artikel 83 van Wet 7 van 2010, artikel 91 van Wet 24 van 2011 en artikel 97 van Wet 22 van 2012

71. (1) Paragraaf 4 van die Tweede Bylae tot die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur in subparagraaf (1) item (d) te skrap.
- (2) Subartikel (1) tree in werking op 1 Maart 2015.

Wysiging van paragraaf 9 van Sesde Bylae tot Wet 58 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 71 van Wet 60 van 2008

72. (1) Paragraaf 9 van die Sesde Bylae tot die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur subparagraaf (3) te skrap.
- (2) Subartikel (1) tree in werking op 1 Januarie 2016 en is van toepassing ten opsigte van jare van aanslag wat op of na daardie datum begin.

Wysiging van paragraaf 1 van Sewende Bylae tot Wet 58 van 1962, soos gewysig deur artikel 26 van Wet 96 van 1985, artikel 33 van Wet 65 van 1986, artikel 28 van Wet 85 van 1987, artikel 24 van Wet 70 van 1989, artikel 55 van Wet 101 van 1990, artikel 49 van Wet 129 van 1991, artikel 35 van Wet 141 van 1992, artikel 52 van Wet 113 van 1993, artikel 30 van Wet 21 van 1994, artikel 40 van Wet 36 van 1996, artikel 54 van Wet 30 van 2000, artikel 59 van Wet 59 van 2000, artikel 62 van Wet 74 van 2002, artikel 47 van Wet 3 van 2008, artikel 90 van Wet 7 van 2010, artikel 101 van Wet 24 van 2011 en artikel 117 van Wet 31 van 2013

73. (1) Paragraaf 1 van die Sewende Bylae tot die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur die omskrywings van “omskrewe hidrae komponent”, “omskrewe voordeel komponent” en “uittredingfunderingsinkomste” te skrap.
- (2) Subartikel (1) tree in werking op 1 Maart 2016.

Wysiging van paragraaf 5 van Sewende Bylae tot Wet 58 van 1962, soos gewysig deur artikel 28 van Wet 96 van 1985, artikel 57 van Wet 101 van 1990, deur artikel 31 van Wet 21 van 1994, artikel 46 van Wet 21 van 1995 en artikel 35 van Wet 30 van 2002 en artikel 119 van Wet 31 van 2013

74. (1) Paragraaf 5 van die Sewende Bylae tot die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur in subartikel (3A) die woord “en” aan die einde van item (b) met die woord “of” te vervang.
- (2) Subartikel (1) word geag op 1 Maart 2014 in werking te getree het en is van toepassing ten opsigte van onroerende eiendom verkry op of na daardie datum.

Wysiging van paragraaf 7 van Sewende Bylae tot Wet 58 van 1962, soos bygevoeg deur artikel 46 van Wet 121 van 1984 en gewysig deur artikel 30 van Wet 96 van 1985, artikel 10 van Wet 108 van 1986, Goewermentskennisgewing 956 van 11 Mei 1988, artikel 44 van Wet 90 van 1988, Goewermentskennisgewing R.715 van 14 April 1989, artikel 25 van Wet 70 van 1989, Goewermentskennisgewing R.764 van 29 Maart 1990, artikel 58 van Wet 101 van 1990, artikel 50 van Wet 129 van 1991,

section 56 of Act 31 of 2005, section 91 of Act 7 of 2010, section 103 of Act 24 of 2011 and section 101 of Act 22 of 2012

75. (1) Paragraph 7 of the Seventh Schedule to the Income Tax Act, 1962, is hereby amended—

(a) by the substitution in subparagraph (1) for subparagraph (a) of the following subparagraph: 5

“(a) where such motor vehicle (not being a vehicle in respect of which paragraph (b)(ii) of this definition applies) was acquired by the employer [**under a bona fide agreement of sale or exchange concluded by parties acting at arm’s length**], the [**original cost**] retail market value thereof [**to the employer**] as determined by the Minister by regulation (excluding any finance charge or interest payable by the employer in respect of the employer’s acquisition thereof); or”; and 10

(b) by the substitution for item (c) of the following item: 15

“(c) in any other case, the retail market value, as determined by the Minister by regulation, of such motor vehicle at the time when the employer first obtained the vehicle or right of use thereof or manufactured the vehicle.”. 20

(2) Paragraph (a) of subsection (1) comes into operation on 1 March 2015 and applies in respect of vehicles acquired on or after that date.

(3) Paragraph (b) of subsection (1) comes into operation on 1 March 2015 and applies in respect of vehicles acquired or manufactured on or after that date.

Amendment of paragraph 9 of Seventh Schedule to Act 58 of 1962, as amended by section 31 of Act 96 of 1985, section 34 of Act 65 of 1986, section 29 of Act 85 of 1987, section 59 of Act 101 of 1990, section 53 of Act 113 of 1993, section 33 of Act 21 of 1994, section 51 of Act 28 of 1997, section 55 of Act 30 of 1998, section 55 of Act 30 of 2000, section 57 of Act 31 of 2005, section 29 of Act 9 of 2006, section 2 of Act 8 of 2007, section 68 of Act 35 of 2007, sections 1 and 48 of Act 3 of 2008, section 65 of Act 17 of 2009, section 104 of Act 24 of 2011, section 7 of Act 13 of 2012 and section 121 of Act 31 of 2013 25 30

76. (1) Paragraph 9 of the Seventh Schedule to the Income Tax Act, 1962, is hereby amended—

(a) by the substitution in subparagraph (3) for the words preceding the formula of the following words: 35

“Subject to the provisions of subparagraph (3A), (3C) and (4), the rental value to be placed on such accommodation [**other than accommodation referred to in subparagraph (4)**] for any year of assessment shall be [**the greater of—** 40

(a)] an amount determined in accordance with the formula”; 40

(b) by the substitution of the end of subparagraph (3)(a) for the expression “; or” of a full stop;

(c) by the deletion in subparagraph (3) of item (b); and

(d) by the insertion after subparagraph (3B) of the following subparagraph:

“(3C) Where the employer or associated institution in relation to the employer supplies accommodation, obtained in terms of a transaction at arm’s length with a person that is not a connected person in relation to that employer or associated institution and the full ownership does not vest in the employer or associated institution, the value to be placed on such accommodation shall be the lower of— 45 50

(a) the amount determined in accordance with subparagraph (3); and

(b) the amount of the expenditure incurred in respect of that accommodation by that employer or associated institution.”. 50

(2) Subsection (1) comes into operation on 1 March 2015 and applies in respect of years of assessment commencing on or after that date. 55

artikel 36 van Wet 141 van 1992, artikel 32 van Wet 21 van 1994, artikel 47 van Wet 21 van 1995, artikel 50 van Wet 28 van 1997, artikel 45 van Wet 53 van 1999 en artikel 56 van Wet 31 van 2005, artikel 91 van Wet 7 van 2010, artikel 103 van Wet 24 van 2011 en artikel 101 van Wet 22 van 2012

75. (1) Paragraaf 7 van die Sewende Bylae tot die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—

(a) deur in subparagraaf (1) subparagraaf (a) deur die volgende subparagraaf te vervang:

